WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 07/2018
15/05/2018

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Danie Taljaard van die Mariniers, Geskut en Personeel

* Hercules (Dup) du Plessis van Personeel verwittig met leedwese dat sy "… vriend en kameraad op 30/04/2018 in Pretoria oorlede is. Danie se dogter, Karen, het aan my genoem dat Danie by hulle vertoef het en was besig om gereed te maak om na Jan Kempdorp terug te keer toe hy 'n 'n hartaanval gekry het. Daar gaan geen begrafnis of herdenkingsaksie wees nie. Karen se selno is
072 123 1912". Nota. Kyk Dup se huldeblyk in par 7 hieronder.

* Chris Wehrmann noem "… dat Danie 80 jaar oud was en dat sy vrou, Rolene, reeds in 2009 oorlede is. Hy het op 51 as Dir Pers by SA Leër HK afgetree".

2. Passing of Eric Loynes of the SAN

Gert Opperman of the Infantry advises with regret that Eric's daughter, Karen had informed him "… of the passing of my Dad last week, after struggling with his health for many years. A memorial service was held on 11/05/2018 at the Hatfield Christian Church, followed by tea and snacks to celebrate his life".

Gert adds that Eric "… was a very kind, soft-spoken and sincere child of God. He was always highly regarded by all his friends and colleagues. I will always remember him as a fine officer and gentleman, an accolade which he thoroughly deserved. Karen's e-mail address is karencvdm@gmail.com".

3. Afsterwe van Connie Janse van Rensburg van die Seiners

* Deon van Zyl van die Seiners verwittig met leedwese dat hy op FaceBook gesien het dat Connie op 05/05/2017 oorlede is.

* Bazil Kriel van die Infanterie voeg by "… dat Connie se begrafnis op 11/05/2018 vanuit die Ou Apostoliese Gemeente in Clubview, Centurion, plaasgevind het. Connie se seun, Leon, se selno is 082 426 1310".

* Chris Wehrmann noem "… dat Connie 'n priester (pastoor) van die Ou Apostoliese kerk was".

4. Afsterwe van AO1 PC van Niekerk van die Seiners

Deon van Zyl verwittig met leedwese dat PC na 'n hartaanval in Pretoria gesterf het. PC het aan hartversaking gely en het saam met sy gesin in Pretoria gewoon".

5. Passing of Dinne : Wife of WO1 Ikes Ueckermann of the Infantry

Paul Els advises with regret "… that Dinne has passed away. Ikes lives in a retirement village in Bronberg".

6. Operasie vir Tony Savides van die Infanterie

Johnny Coetzer van die Infanterie rapporteer "… dat Tony verlede week 'n nie-kwaadaardige gewas in sy kolon laat verwyder het. Tony sê dat toe hy wakker word noem die Chirurg dat hy as 'n bonus sommer ook sy galblaas uitgehaal het. Tony het 'n privaat mediesefonds van sy vorige werk, is reeds terug by sy huis in Midstream en herstel vinnig. Tony stuur groete aan al sy ou kollegas en noem dat sy e-posadres steeds savides@yebo.co.za is".

HULDEBLYKE AAN DANIE TALJAARD VAN PERSONEEL

7. Hercules (Dup) du Plessis van Personeel

"Ek en Danie was jare lank kollegas, kursusgenote en vriende en ek het die voorreg gehad om nog onlangs by hom te kon kuier. My en Danie se paaie het reeds in 1962 gekruis toe ek by die SA Leërgim teen 'n muur geleun het en 'n hardekwas Gunner sersant my vra om liefs nie die muur om te stoot nie. Ten laaste op 26/01/2018 was ek by hom in Jan Kempdorp en ons het ure uit die verlede gekuier.

Ons was in 1976 saam op die Bevel-en Stafkursus en tydens Op Savannah was ek meestal in Grootfontein en Rundu en hy by die TM HK in Rundu. Dikwels moes ek persoonlike besonderhede van afgestorwenes vir hom deurgee en die lyke op Grootfontein ontvang en versorg. Later het ons saam 'n kursus in Menslike Hulpbronbestuur by UNISA voltooi nadat hy uit die destydse Welsyndiens na die SA Leër teruggekeer het. Later as Dir PDK het hyself en ek as Bev PD Skool lang ure en baie belange gedeel en kontak behou toe hy later na Afd Pers verplaas is.

Danie was ontsettend trots op die SA Leër. Hy het as minderjarige met een oog sy militêre loopbaan by die Mariniers van destyds begin, later as instrukteur gekwalifiseer, by die SA Leërgim gedien, in 1963 as junioroffisier gekwalifiseer en het as veldkornet by die Diensvakskool onder genl HA Kotze gedien. Nadat hy by UP as welsynsoffisier gekwalifiseer het, is hy by die SAGD aangestel en het mettertyf tot kommandant gevorder. Met die Welsyndiens se herorganisasie en vervrouliking het hy as majoor na die SA Leër teruggekeer en sy loopbaan daar voortgesit. Danie se uitgebreide kennis van die geskiedenis van die SA Leër en sy mense het hom 'n buitegewone en interessante gespreksgenoot gemaak. So baie van sy vertellings gaan nou ongelukkig verlore. Ek gaan my kollega en vriend van baie jare mis".

8. Chris Wehrmann van die Infanterie

"Ek het vir Danie(Tallies) Taljaard in 1968 ontmoet toe tien offisiere gekeur is om by Universiteit Pretoria as Welsynoffisiere opgelei te word, nadat die SAW besluit het om sekere funksies soos Sport, Vryetydsbesteding en Welsyn deur Spesialiste uit te voer. Tallies was vir ons 'n steunpilaar in hierdie vreemde ervaring toe ons uit ons soldate-loopbaan geruk is om die professionele akademiese wêreld te betree. Ons moes as groep deur die aanpassing werk en as 'n majoor het Tallies die leiding geneem.

Ons het saam gekwalifiseer om ons loopbaan as Welsynoffisiere in die nuutgestigte Welsynskorps in die SAW voort te sit. Na ons 'n paar jaar as gekwalifiseerde Welsynoffisiere gefunksioneer het, is daar om onverklaarbare rede en uit uit die bloute besluit om al die mans met vroue-offisiere te vervang! Die bevelvoerder en 2iB is van hulle poste onthef en moes uit die SAW bedank. Aan die mansoffisiere, wat toe al verder gekwalifiseer het, is die

keuse gelaat om te bedank of ander poste te soek. Danie, wat die keuse uitgeoefen het om met sy loopbaan voort te gaan, was toe verplig om die eerste na-oorlogse degradering te ondergaan toe sy rang na majoor verlaag is. Dit was vir hom ‘n geweldige vernedering en hy het geweier om die gebeure en verantwoordelike persoon ooit weer te noem! Hy is terug na die PDK en is later deur genl Len Meyer as sy Dir Pers Dienskorps aangestel”.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

9. Ete Saam met Blackie (Kromvinger) Swartz van die Geskut

Chris Wehrmann noem dat hy en Blackie by ‘n restaurant in Centurion gaan brood breek het, waartydens die foto geneem is. Chris sê dat Blackie nou 80 jaar oud is maar steeds fris en gesond is.

10. Craig Harrison of Army Intelligence is on the Move

Craig reports that he “… retired from his post as the Director responsible for Security Policy, Compliance and Coordination of the UN Department of Safety and Security UNDSS in Jun 2017. Left New York in Jul 2017 after spending nine years there and began living and working in Beijing on 01/08/ 2017, where I am the resident Security, Safety and Emergency Consultant to the Asian Infrastructure Investment Bank, a new global multi-lateral development bank with 86 Member States. My 13 years in the UN was comprised of four years in Afghanistan as the Senior Information Analyst for the UN and three posts in New York, first as the Security Analyst in UNDSS responsible to develop the security analyst's programme and course for the UN and trained 454 analysts on 22 courses around the world. Thereafter at the UN Department of Peacekeeping Operations as the Senior Security Coordinator for Peacekeeping and, finally back to UNDSS. My private e-mail address is saexplorer@hotmail.com”.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

11. Meerkat Surveillance System in the Kruger National Park

In the latest issue of the Newsletter of SAMIVA it is reported that 1 Tac Int Regt is operating the Meerkat wide area surveillance system in the Kruger National Park. The system has proved to be a major force multiplier since it became operational, has been responsible for the arrest of numerous poachers and has prevented the killing of dozens of rhinos. According to Mark McGill, Technical Operations Manager at SANParks, the Kruger National Park Mission Area Joint Operations Centre (MAJOC) is now provided with real-time intelligence which allows rangers to apprehend poachers before they even kill a rhino. In the area where the Meerkat system has been operating, not a single rhino has been lost and according to McGill, the Meerkat system has a 90% arrest success rate. Note. The system is a Reutech RSR 904 ground surveillance radar, which also includes long-range cameras for night use as well as information analysis software able to detect, track and classify people entering certain areas. The radar is able to detect activity, plot recent and older movement and can measure the speed of objects and their tracks.

12. Deployment of Intelligence Teams in the Kruger National Park

Guy Martin wrote in the issue of 29 March 2017 of DefenceWeb that Scouts of 1 Tac Int Regt have been deployed in Kruger National Park and surrounding areas since 2013, to gather information on possible poacher access and exit routes that poachers use.

13. Verkoop van 12 Cheetah Vegvliegtuie

Olivier Henning van die Medics rapporteer "... dat Denel 12 Suid-Afrikaansgeboude Cheetah vegvliegtuie aan 'n Amerikaanse privaatfirma verkoop het. Die artikel verskyn op die webblad by Denel".

VERWAARLOSING VAN MILITêRE PERDE

14. AP Stemmet van die Kavallerie

"Met verwysing na die artikel in die media is dit 'n skande dat 25 perde by die militêre eenheid in Potchefstroom weens hulle verwaarlosing geskiet moes word. Moet die Pantserbond nie hulle stem laat hoor nie? Ek wonder hoeveel Pantsereenhede hou nog die tradisie van die heildronk op die perde in stand. Ek het dit nog by my ou regiment, Regt Oranjerivier, toegepas. In Armour it is tradition to toast The Horses because we owe sou much to them".

15. Johann Dippenaar : Voorsitter van die Raad van Militêre Veterane-organisasies

"Hierdie skande van die SANW se perde se verwaarlosing is wyd in die media gedek en ons moet ons stemme dik maak, want as oud-soldate moet ons volhard om die ou norms en waardes te behou".

16. Heinrich Janzen : President of the SA Armour Association

"The Armour Association, the Armour Formation and the Regiments within the Armour Formation all uphold the Cavalry tradition of drinking a toast to the horses as prescribed in Armour Customs and Traditions".

17. Note on Webpage of DISQUS

A Veteran with the non de plume of Ursus Formidimus stated that "... an organisation as large as the SANDF, with its own veterinary unit, supposedly subject to a stringent disciplinary code, cannot possibly explain away this transgression! What are the members who work in the relevant units actually doing to earn their salaries? As a Veteran of the SADF I deplore this shameful, inexcusable conduct in the strongest possible terms; they bring not only the SANDF but the nation they represent into disrepute. Nowhere in the world could SANDF members go without hanging their heads in shame".

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

18. NTR.

DIE SM MEDIESE VOORTSETTINGSFONDS (SMMVF)

19. Ongeskikte Kennisgewings oor Terugbetalings aan die SMMVF

* Verlede week het Deon van Zyl van die Seiners gerapporteer dat "... lede van die SMMVF die volgende kennisgewings van die SMMVF ontvang het:
'An audit was done and it was found that you owe the RFMCF after the age of 60. Please pay the amount of R……..within 30 days to avoid suspension"
Deon voeg nou by dat Johan Kriel 'n kennisgewing ontvang het dat 25 jaar na aftrede hy 'n bedrag van R2 949 moes inbetaal. Na vertoë is hy die keuse gestel om dit as 'n enkelbedrag of teen R10 per maand terug betaal. Hy het die laasgenoemde opsie gekies. Hy het ook teen die tydsverloop beswaar gemaak, soos wat Tony Dippenaar verlede week voorgestel het, waarna hy soos volg ingelig is:
Your enquiry will be sent to the Principal Officer to advice if the amount should be written of due to the time lapse as per your point 4. We apologise for any inconvenience.
* Deon verwittig nou dat die SMMVF vir Johan Kriel verwittig het dat die verskuldigde bedrag afgeskryf is.

TOEKOMSTIGE OORLOë

20. USN Resurrects Second Fleet in Atlantic Ocean to Counter Russia

Arne states in his MN that the USN will re-establish its Second Fleet, as Russia has become more assertive and it is clear that the USA is back in an era of great power competition. This fleet was disbanded in 2011 but will now oversee forces on the US East Coast and in the North Atlantic. The era of great power competition had returned and the strategy makes countering Russia and China a priority. The fleet, which was disbanded for cost-saving and structural reasons, will be based in its previous home at Norfolk in Virginia.

21. First Drone Warship for the USN

Arne reports in his MN that the first warship to traverse open waters without a single crew member recently joined the USN's fleet after eight years of development and testing. It is known as the Sea Hunter and is described as a success in the world of science and technology. The Pentagon had requested a drone warship capable of hunting submarines, detecting torpedoes and avoiding objects at sea while travelling at a top speed of 27 knots or 31 mph. It has a long narrow hull and two outriggers and carves the oceans like a three-pointed dagger, tracking enemy submarines. The Sea Hunter had cost $20 million to build, which is a fraction of the cost compared with a modern destroyer, which would cost approximately $1.6 billion. The drone ship also has an estimated operating cost ranging from $15 000 to $20 000 a day, whereas a destroyer costs $700 000 a day to operate. Imagine 50 of these drones operating together under the hands of a flotilla commander, which is going to be a Navy unlike any Navy in history, a human-machine collaborative battle fleet that will confound the enemy.

22. Seminaar oor die Sogenaamde Slag van Cuito Cuanavale

Die bekende rubriekskrywer en skrywer van militêre boeke, dr Leopold Scholtz van die infanterie, rapporteer dat "… die Royal Institute of International Affairs op 23/03/2018 'n seminaar oor die sogenaamde Slag van Cuito Cuanavale by sy HK, Chatham House in Londen, aangebied het. Die seminaar is deur die Angolese regering geborg en dit was dus logies om te verwag dat 80% van die bydraes die MPLA se narratief, 'n heroïese oorwinning oor die nare rassiste uit Suid-Afrika, sou reflekteer. Van die ander kant is net vier sprekers kortliks toegelaat, naamlik prof Chester Crocker, destyds lid van die Reagan-regering wat per video uit die VSA met 'n skitterende analise deelgeneem het, die Britse skrywer Fred Bridgland, skrywer van 'n uitstekende boek oor hierdie gebeure, die formidabele Roland de Vries, en die uwe. Ek is nie in staat om 'n objektiewe oordeel te vel nie, maar ons gevoel was dat ons kant weereens gewen het. My eie hoofpunt was dat 90% van die mense wat hulle oor die saak uitlaat, mekaar oorskryf, en dat dit goed sal wees om regtig navorsing te doen. Ek het vertel dat ek die SANW se Dokumentasiesentrum vir hierdie doel sou besoek (dit het intussen gebeur) en dat 'n nuwe boek teen aanstaande jaar alle leuens en misverstande vir eens en altyd op grond van argivale dokumente uit die weg behoort te ruim. Die Kubaanse ambassadeur het interessant genoeg nogal belang gestel en die Angolese militêre attaché in Londen en Roland het groot vriende geword. My indruk is dat hulle maar volgens hulle regerings se voorskrif opgetree het".

23. Gedagte oor Oscar Cardoso van Oos-Angola

In 'n vorige Nuusbrief het Koos Louw van die SAV verwys na hierdie Portugese Veteraan wat 'n groot rol in die vestiging van die Fletchas in Angola gehad het, wat later die kern van Jan Breytenbach se Bravo Groep en 32 Bn gevorm het.

Koos noem nou dat Oscar deel was van die Portugese Veiligheidsdiens, bekend as PIDE en later DGS, waar hy in Oos- Angola by die Fletchas betrokke geraak het. Hy word as die stigter van die Fletchas erken, maar die Fletchas was reeds onder 'n ander DGS amptenaar in Oos-Angola aktief toe Oscar daar aangekom het. Hy het die groep ontwikkel en as 'n magsvermenigvuldiger en in pseudo-operasies aangewend. Sover ek weet het van sy Fletchas saam met Daniel Chependa se FNLA by 32 Bn beland en die modus operandi was aanvanklik dieselfde.

Na sy diens in Angola is hy na Mosambiek oorgeplaas is. Met 'n besoek aan Portugal het die Portugese militêre staatsgreep plaasgevind en is hy blykbaar by die DGS se HK in Lissabon gearresteer. Hy is later in so 'n verswakte toestand vrygelaat dat sy vrou hom moes dra. Hy het verdere vervolging gevrees en na Spanje uitgewyk en daarna in Suid Afrika onder die naam Roger de Castro by onder andere Afd Inl begin werk. Genl Dennis Earp was 'n goeie vriend en ook 'n beskermheer. Oscar het na Portugal teruggekeer om daar af te tree".

24. Name Changes

* Michael Huxtable of Army Intelligence provided the photo depicting the changes between 1973 and 2000 of the unit's name that finally became the School of Tac Int. Mike states that SA Int S "... was indeed a unit with tremendous unit pride and esprit de corps. Those of us Veterans still involved try and keep this alive and we have had a few reunions and gatherings over the past years. There are active groups in Pretoria, Johannesburg and Cape Town".

* Craig Harrison adds that "... looking at the picture of the board reminds me that we never liked the name DTCS. We never called it DTCS when speaking about the SA Int School, and our slogans and songs never recognised it. It was only in formal correspondence that we used DTCS, at least in my time. We were all so glad that it changed back to SA Int S and later to School of Tac Int".

25. <u>Ons Eerste Duikboot</u>

CC (Doepie) du Plessis van die Infanterie vertel dat hy "... in 1971 'n jong sersant by 2 SAI Bn Gp was toe ons eerste duikboot, Maria van Riebeeck, 47 jaar gelede die hawe by Walvisbaai binnegeseil het. Ek kon ghitaar speel en is as die Kapelmeester van die eenheid se orkes aangestel. Ons opdrag was om die duikboot die hawe met die speel van 'My Sarie Marais' in te begelei en ek kry nou nog hoendervleis as ek daaraan terugdink. Dit was mistig en dood, doodstil.
Terwyl almal op die kaai staan en wag, is n spoorweg polisieman, besig om vir die vale verkeerskaarties te skryf aan ouens wat op laai zones ens ens, parkeer het. Hy het nie belang gestel in enige verskoning of verduideliking nie. "Rules is Rules" en basta. Ek was een van hulle. Maar toevallig, toe die duikboot uit mis verskyn, en ' n senior offisier verduidelik aan hom wat nou eintlik hier besig is om te gebeur, gebruik hy n paar kragwoorde, kanselleer alle kaartjies en skryf dwars op boek afskrif "dit is oorlog."

Almal het die see dopgehou en gewag dat die boot deur die misgordyn breek. En skielik was sy daar, swart, amper onheilspellend. Toe begin my orkes speel en ek dirigeer en van die omstanders het begin om spontaan saam te sing.
Ek sal dit altyd onthou".

26. Seiners se Valskermsprong te Kromdraai

Paul Els verskaf die foto wat "... in 1988 net voor 'n valskermsprong by Kromdraai geneem is. Op die foto maak ons by Swartkop LMB vir die sprong gereed. Op die foto verskyn Hein Von Berg, onbekend, Andre Schoeman en myself. Van die uitrusting het ontbreek en ek het sommer met 'n staalhelm gespring! 'n Kenmerk van hierdie sprong is dat die Bev en RSM van N Tvl Seineenh saam gespring het".

27. Reluctance to Engage the Enemy : The Execution of Admiral Byng. The following article, which has been shortened, is from the May 2018 issue of Spindrift:

It was on the quarter-deck of the captured Monarque that Admiral Byng met his fate on 14/03/1715 in Portsmouth. According to Voltaire's satirical account of the final scene in *Candide*, four soldiers were placed in front of him and each put three balls in his head, in the most peaceable manner and all the assembly dispersed quite satisfied. 'What is all this?' quote *Candide*, '… and who was the stout gentleman who came to die in this ceremonious manner?' 'It is an Admiral' they answered. 'And why kill the Admiral?' 'It is because he has not killed enough of the other people. We had to give battle to the French Admiral and they found that he did not go near enough to him'. 'But, then the French Admiral was as far from him as he was from the French Admiral.' 'That is very true,' replied they, 'but in this country it is useful to kill an Admiral now and then, just to encourage the others!'

NUWE MILITêRE BOEKE

28. *Ystervuis uit die See : Uiters Geheime Seewaartse Recce-operasies (1978 - 1988)*

* Douw Steyn van Spes Magte noem "… dat Delta Books se nuwe bygewerkte en verkorte weergawe in beide Afrikaans en Engels van my en Arné Söderlund se boek, *Ystervuis uit die See*, vanaf 01/05/2018 by alle boekwinkels beskikbaar sal wees".

* Jonathan Ball Publishers have issued the following press release:

From Cabinda in Angola to Dar es Salaam in Tanzania 4 Recce Regt conducted numerous clandestine seaborne raids during the Border War. They attacked strategic targets such as oil facilities, transport infrastructure and even Russian ships. The existence and capability of 4 Recce was largely kept secret, even within the SADF. With access to previously top secret documents, 50 operations undertaken by 4 Recce, other Special Forces units and the SAN are described. The daunting Op Kerslig of 1981, in which an operator died in a raid on a Luanda oil refinery and others were injured, is retold in spine-tingling detail.

The book reveals the versatility and effectiveness of this elite unit and also tells of both the successes and failures. Sometimes missions go wrong, as in Op Argon in 1985 when Capt Wynand du Toit was captured. This fascinating work will enthral anyone with an interest in Special Forces operations. *Iron Fist from the Sea* takes you right to the raging surf, to the adrenalin and fear that is seaborne raiding.

* A book launch will take place on at 18:00 for 18:30 on 21/06/2018 at Exclusive Books in Somerset Mall, Somerset West, Cape Town. Contact events@exclusivebooks.co.za to attend.

PAUL ELS SE BOEKE

29. Boek oor Walisbaai

"Gert van Niekerk en Pieter van der Walt van die Geskut is hard aan die werk met die boek. My hooftaak is nou om die bydraes wat belowe is in te win. Die uitleg is ver gevorder, maar dit is 'n tydsame proses en steeds word goeie inligting en fotos ontvang. Ek is jammer dat dit so lank vat maar ons wil die boek ordentlik doen en probeer om alle foute uit te skakel".

30. Ander Boeke

"Ek is met 'n paar ander boeke besig en help ook ander mense met hul drome. Reeds 'n vergadering gehad met twee dames wat met 'n boek oor *Vroue in Uniform* begin het. Ook besig om lede te help met 'n boek oor die Mariniers en ander met die Sappers van Rhodesië. Ek gaan binnekort 'n trommel vol dokumente ontvang oor 'n grenseenheid waaroor daar nog niks geskryf is nie".

ALGEMENE ASPEKTE

31. Wearing of the Poppy by Women. Paul Els found the following on the Net about the way women should wear the poppy to commemorate the armistice that ended WW1:

"A military man selling poppies stopped me today and told me that women should wear their poppy on their right side. Also that the red of the poppy represents the blood of all those who gave their lives, the black represents the mourning of those who did not have their loved ones return home and the green leaf represents the grass and crops growing and future prosperity after the war destroyed so much. The leaf should be positioned at 11 o'clock to represent the eleventh hour of the eleventh day of the eleventh month, the time that WW1 formally ended. He was worried that younger generations would not understand this and his generation would not be around for much longer to teach them". Note. The poppy is normally worn on the left side of the jacket.

32. Aktiwiteite van die Raad van Militêre Veterane Organisasies (RMVO) in Mei 2018

* Die RMVO se AJV vind op 25/05/2018 plaas en bywoning deur die lede van die Bestuurskommitee, Raadslede en Afgevaardigdes van Geaffilieerde- en Lidorganisasies se name moet aan Nantie Potgieter by cmilvetorg@gmail.com verskaf word. Die standplaas sal eersdaags bevestig word.

* Die RMVO se Beraad is op op Saterdag 26/05/2018 en bywoning deur die RMVO se Bestuurskommitee, twee genomineerdes per Lidorganisasie en twee genomineerdes per Provinsie en Streke se name moet aan Jaco van As by jmva@lantic.net voorsien word. Die standplaas sal eersdaags bevestig word.

* Die RMVO se Jaarlikse herdenkingsdiens vind op Sondag 27/05/2018 by die Voortrekker Monument plaas en uitnodigings vir bywoning is reeds aan al die uitgenooide gaste versend. Addisionele versoeke om bywoning moet Johann du Preez by johann.dupreez@milvets.co.za voor of op 17/05/2018 bereik.

* Johan Dippenaar van die RMVO noem dat "... almal se betrokkenheid by aktiwiteite van die Militêre Veterane word opreg waardeer. Die belangrikheid van gesamentlikheid om die kameraderie van weleer te behou en uit te brei kan nie genoeg beklemtoon word nie en daarom is u teenwoordigheid van veel waarde. Die omgewing waarin die Veterane hulself moet handhaaf word toenemend beperk en selfs in sommige gevalle bedreig en daarom behoort ons geleenthede soos hierdie te benut om 'n bydrae tot volhouding te verseker".

33. Beplande Reeks oor Hoofde van die UVM en SAW in die Nonggai

Hennie Heymans van die ZARPe het beplan om 'n reeks oor die verskillende Hoofde van die UVM en SAW vanaf 1912 op te stel, sodat daar elke maand een aan die beurt kom met sy foto wat op die voorblad van die Nongqai sou verskyn tesame met sy biografiese besonderhede. Die reeks sou met genl Georg Meiring tot 'n einde kom. Hennie het verwittig dat die reaksie nie voldoende was nie en dat die beplande reeks nie gaan plaasvind nie.

Hennie sê nou egter "… dat daar goeie nuus is, want lt-kol William Marshall se arm is gedraai en het ingewillig om vir ons die maandelikse reeks te doen. William is 'n krygshistorikus van formaat en skrywer van boeke oor mobiele oorlogvoering. Stuur asseblief foto's en staaltjies van ons hoofde van die UVM en SAW aan William by mechinf@netactive.co.za sodat hy met die navorsing kan begin".



34. Two Australian sailors arrested in Singapore

Two sailors of the Australian Navy were arrested in Singapore over separate alcohol-related incidents. One sailor was arrested for allegedly being a public nuisance, while another was taken into custody over alleged intoxication. Both sailors had been released to Australian officials in Singapore while local authorities complete their investigation. A spokeswoman of the Australian Navy stated that "… Defence expects its members to act appropriately and respectfully when visiting foreign countries and takes instances of misbehaviour very seriously and any member who does not act appropriately will be subject to the Defence Force Discipline Act and, if applicable, local laws. Arne adds that this note appeared in *News.com,* but what on earth makes this 'news?' Sailors have been doing this for years(!)

35. Foto Geneem Tydens die Depressie in die VSA

As ’n huldeblyk aan ons hardwerkende boere word hierdie foto getoon, geneem tydens die depressie en droogte van die dertigerjare in die VSA, van ’n boer wat sy bes prober om sy lappie mielies met ’n emmer water aan die lewe te hou.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

36. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies ’n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan, soos wat die Artillerie-vereniging en die makkers in verre lande hieronder doen.

37. Aktiwiteite van die SA Infanterievereniging (SAIV). Leon le Roux van die SAIV verwittig soos volg:

* AJV
Die SAIV se Algemene Jaarvergadering vind vanaf 10:00 op 19/05/2018 by Bronberg Wynlandgoed plaas. U teenwoordigheid sal waardeer word.

38. Stig van Tak van die SA Infanterie-vereniging (SAIV) aan die Wes-Rand

Albert Peters van die Vereniging verwittig “… dat die SAIV aktief besig is om takke landswyd te stig. Vir meer besonderhede kontak vir Kobus Loubser by kobus@sainfantry.co.za en raak betrokke. Inligting is op die vereniging se webtuiste by www.sainfantry.co.za asook op Facebook by South African Infantry Association beskikbaar.

‘n Loodsvergadering ter stigting van ‘n tak aan die Wes-Rand gaan om 09:30 vir 10:00 op 26/05/2018 by die Uniflor Hotel op die hoek van Mainlaan en Shamrockstraat in Florida Uitbreiding, Roodepoort, plaasvind. Alle oud-Infanteriste, hetsy NDPs, Burgermag, Kommandos en Staandemag in Krugersdorp, Randfontein, Randburg, Roodepoort en Westonaria word genooi om by te woon. Kontak my op bertus@bfaskills.co.za of AO1 Church op colin@concretejunction.co.za vir navrae”.

Hinderlaag
Die volgende hinderlaag van die SA Infanterievereniging vanaf 12:00 op 06/06/2018 by die Bronberg Wynlandgoed in Lynnwoodweg plaasvind. Die koste is R80 per person en kroegfasiliteite is teen militêre pryse beskikbaar. Bespreek asseblief by Geoff Holland-Muter by 076 637 9355”. Kom en geniet die geselskap en samesyn van mede- infanteriste. U hoef nie n lid te wees om die geleentheid saam met ons te geniet nie”.

WERKGROEP VIR DIE BESKERMING VAN ONS PENSIOEN.

39. Transparency about Investments

AP Stemmet of AMAGP states that the article on the link at http://www.politicsweb.co.za/politics/pic-nhlanhla-nene-cannot-sit-on-the-fence--david-m deserves serious attention by the authorities and asks "… on which dubious reasons would an agent like the Public Investment Corporation (PIC) oppose transparency regarding their investments? If the PIC, as agent of the Government Pension Fund, do not want to supply particulars to Parliament about investments made on behalf of their principal, the GEPF, there is an easy way out. The relevant authority could simply suggest an amendment to the transparency clause to the effect that the Board of Trustees of the GEPF should be responsible to inform Parliament of particulars of investments. Now both are succeeding in hiding behind an iron curtain of secrecy. It is high time for the government to act in this matter and a formal impartial investigation is very necessary".

40. Aktuariële Ontleding van die GEPF se Jaarverslae

AP rapporteer ook dat hulle Ouditeur se ontleding van elf van die GEPF se jaarverslae wat in 'n vorige Nuusbrief gemeld is, nou deur Biznews op hulle skakel by https://www.biznews.com/sa-investing/2018/04/25/actuary-lifts-lid-on-dwindling-gepf/ geplaas is. Die ontleding het reeds in finansiële publikasies in die RSA verskyn, sal nou ook in Brittanje in koerante verskyn en word as gesaghebbend beskou. Die ontleding toon dat daar groot fout met die beleggings, deursigtigheid, volhoubaarheid en verantwoordbaarheid van die Pensioenfonds is. Die ontleding toon dat die fonds op die langtermyn slegs 79.3% befonds is. Dit is 'n rooi lig maar die Raad van Trustees spog dat die fonds 121% oorbefonds is, wat nie die volle waarheid is nie. Ons sal harder moet werk om die fonds te beveilig".

41. Joos Kleinhans

"Al die rooiligte brand. In ons kultuur toi-toi of brand ons nie as ons ontevrede is nie, maar met ons penne skryf ons die wêreld aan die brand. Maar ons leef in 'n nuwe Suid-Afrika waar dit nie altyd die gewenste resultate oplewer nie. Wat kan ons doen om die Pensioenfonds te red want Rome brand
inderdaad? Ons kort kragdadige optrede wat uiteraard nie daal na die vlak van ander protesoptrede in hierdie land nie. Maar dit is gewis dat ons spoedig aan optrede sal moet dink en uitvoering gee".

42. Monthly Newsletter of the GEPF Monitor

Errol Massey-Hicks has supplied the sixth issue of the Newsletter which with previous issues are available on the website at www.amagp.co.za

In the Newsletter a financial analysis of the state of the Pension Fund is provided which indicate that over the last four financial years and for the first time in the Fund's history, three of the Fund's important financial indicators have decoupled. Cash-flow out of the Fund in the form of benefits paid has exceeded cash inflows from contributions, while new investments made have decreased. Note. The graph shows a remarkable similarity with the state of the PF Medical Continuation Fund, which shows that the rot has also set in at this Fund.



WELSYNSWERK

43. SAMIVA en Rotary Werk Saam om Behoeftiges te Ondersteun

In die Nuusbrief van SAMIVA is gerapporteer dat ampsdraers van SAMIVA en Rotary Internasionaal t op 22/12/2017 fondse en geskenke aan inwoners van die Philadelphia Ark buite Pretoria oorhandig het. Die poging is beskryf as '… hulp aan onse mense en dit is hoe dit hoort'. Op die foto verskyn Pieter Liebenberg van SAMIVA, Dirk van Vuuren van Philadelphia Ark en Gawie Lotter van Rotary International.

SOEKTOGTE

44. Where is Hermanus C. du Preez of the Cape Corps of the SADF?

Sifuba Nomvuyo of the Department of Military Veterans requires assistance in finding the family of HC du Preez who has been staying alone in Eersterus. He was married to Ilene/Irene and the names of his children are Lynette, Leon Du Preez who lives in Pretoria and Roelene Junkendorp in Kimberly. He has not seen them for more than five or eight years. If you have any information about the children please contact me at 012-765 9338, 060 965 1529 or on Sifuba.Nomvuyo@dmv.gov.za".

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

45. Infanteriste is Plesierig

John Lizamore noem dat "... die volgende hinderlaag van die SA Infanterievereniging vanaf 12:00 op 06/06/2018 by die Bronberg Wynlandgoed in Lynnwoodweg plaasvind. Die koste is R80 per person en kroegfasiliteite is teen militêre pryse beskikbaar. Bespreek asseblief by Geoff Holland-Muter by 076 637 9355. Kom en geniet die geselskap en samesyn van mede-infanteriste. U hoef nie n lid te wees om die geleentheid saam met ons te geniet nie".

46. Ete-groepie in Centurion

Hierdie maand se ete vind om 12:00 vir 12:30 op Donderdag 17/05/2018 by die Kookabella Teetuin in Lytteltonweg plaas. Verwittig bywoning aan isajohan@johannisa.co.za sodat die bespreking gedoen kan word. Nooi 'n Veteraan saam.

NETWORKING

47. NTR.

ADMINISTRASIE

48. Nuwe Lede

Later

49. Verandering van E-posadres

Lede wat kennisgewings stuur oor die verandering van hulle e-posadresse word asseblief versoek om aan te dui op watter adreslys hulle die Nuusbrief ontvang. Met 50 verskillende adreslyste is dit soms ‘n uitdaging om die regte een te vind waarop die adres verander moet word.

50. Reaksie op die Inhoud van die Nuusbrief

Dit is opmerklik dat daar weinig reaksie is op enige van die items wat in die Nuusbrief verskyn. Dit skep die indruk dat ons talle lede net ligweg deur die inhoud blaai en dat dit nie veel belang wek nie. Reaksie en kommentaar op artikels is die lewensbloed van enige Nuusbrief en maak dit ‘n dinamiese en interessante produk, wat dit darem vir die opsteller ook die moeite werd maak. Reaksie sal werklik waardeer word.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

51. The Veterans

Old friends, like old wines, don't lose their flavour.

52. Prayer of the Dog Lover

Please Lord, make me the type of person my dog think I am.

53. Cartoon by Zapiro of Madiba’s Visit to the Queen on 11/07/1996



SLOT

54. And on that humorous note, sterkte vir ‘n lekker koue, dog hopelik ‘n natterige week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

55. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.